# REUNERT

REUNERT LIMITED

In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf — Registrasienommer 1913/004355/06 — Aandeelkode: RLO — ISIN: ZAE000057428

# ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 MAART 2009 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

CBI electric — NASHUA — REUTECH

## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

Vir die ses maande geëindig 31 Maart

| | Aante-keninge | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | % verandering | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste | 1 | **5 118,9** | 5 084,8 | 1 | 10 921,1 |
| Verdienste voor rente, belasting, depresiasie, amortisasie, ander inkomste en dividende | | **568,6** | 679,1 | (16) | 1 487,2 |
| Ander inkomste | 1 | **9,0** | 89,8 | | 172,0 |
| Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (VVRBDA) | 1 | **577,6** | 768,9 | (25) | 1 659,2 |
| Depresiasie en amortisasie | | **46,3** | 39,9 | 16 | 86,6 |
| Bedryfswins | | **531,3** | 729,0 | (27) | 1 572,6 |
| Netto rente en dividendinkomste | 2 | **51,6** | 30,6 | 69 | 60,3 |
| Abnormale items | 3 | **—** | 1,5 | | 1,5 |
| Wins voor belasting | | **582,9** | 761,1 | (23) | 1 634,4 |
| Belasting | | **163,5** | 247,7 | (34) | 486,8 |
| Wins na belasting | | **419,4** | 513,4 | | 1 147,6 |
| Aandeel van geassosieerde maatskappye se winste | | **—** | 15,6 | | 16,1 |
| Wins vir die tydperk | | **419,4** | 529,0 | (21) | 1 163,7 |
| Wins vir die tydperk toeskryfbaar aan: | | | | | |
| Minderheidsbelange | | **2,8** | 2,7 | 4 | 7,1 |
| Ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | **416,6** | 526,3 | (21) | 1 156,6 |
| | | **419,4** | 529,0 | | 1 163,7 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 | **233,4** | 296,2 | (21) | 650,1 |
| Verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent) | 4 | **232,9** | 294,0 | (21) | 646,9 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **233,5** | 296,1 | (21) | 651,9 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **232,9** | 294,0 | (21) | 648,7 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **232,2** | 277,5 | (16) | 630,1 |
| Genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 4 & 5 | **231,6** | 275,5 | (16) | 626,9 |
| Kontantdividend per gewone aandeel vir die tydperk verklaar (sent) | | **65,0** | 78,0 | (17) | 319,0 |
| Belastingkoers, uitgesluit abnormale items (%) | | **28,0** | 32,6 | 14 | 29,8 |
| VVRBDA as % van inkomste | | **11,3** | 15,1 | (25) | 15,2 |

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

Soos op 31 Maart

| | Aante-keninge | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | | **607,6** | 599,9 | 591,3 |
| Klandisiewaarde | 6 | **415,5** | 291,9 | 415,3 |
| Beleggings en lenings | 7 | **866,6** | 1 482,5 | 865,3 |
| RCCF-rekeninge ontvangbaar | | **1 253,3** | — | 1 274,8 |
| Uitgestelde belasting | | **22,9** | 36,9 | 32,0 |
| | | **3 165,9** | 2 411,2 | 3 178,7 |
| **Bedryfsbates** | | | | |
| Voorraad en kontrakte in voortgang | | **799,2** | 961,5 | 979,7 |
| Rekeninge ontvangbaar en afgeleide finansiële bates | | **1 598,5** | 1 951,3 | 1 935,3 |
| RCCF-rekeninge ontvangbaar | | **617,3** | — | 682,2 |
| Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | | **—** | — | 23,1 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **961,6** | 294,1 | 794,6 |
| RCCF-banksaldo's en -kontant | | **99,6** | — | 82,0 |
| | | **4 076,2** | 3 206,9 | 4 496,9 |
| **Totale bates** | | **7 242,1** | 5 618,1 | 7 675,6 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | | | | |
| Gewone | | **3 672,4** | 3 125,0 | 3 674,7 |
| Voorkeur | | **0,7** | 0,7 | 0,7 |
| | | **3 673,1** | 3 125,7 | 3 675,4 |
| Minderheidsbelang | | **19,5** | 16,3 | 20,7 |
| **Totale ekwiteit** | | **3 692,6** | 3 142,0 | 3 696,1 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | |
| Uitgestelde belasting | | **182,7** | 155,7 | 208,2 |
| Langtermynlenings | 8 | **3,9** | 333,6 | 12,8 |
| RCCF-langtermynlenings | 8 | **699,9** | — | 699,9 |
| Aanspreeklikheid teenoor verkoper | 12 | **7,0** | — | — |
| | | **893,5** | 489,3 | 920,9 |
| **Bedryfslaste** | | | | |
| Rekeninge betaalbaar, afgeleide finansiële laste, voorsienings en belasting | | **1 620,8** | 1 822,7 | 1 880,6 |
| RCCF-banklenings | | **1 034,7** | — | 1 164,4 |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings (insluitende finansiële bruikhure) | 8 | **0,5** | 164,1 | 13,6 |
| | | **2 656,0** | 1 986,8 | 3 058,6 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **7 242,1** | 5 618,1 | 7 675,6 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

Vir die ses maande geëindig 31 Maart

| | Aante-keninge | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|---|
| Aandelekapitaal en -premie | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **106,9** | 90,8 | 90,8 |
| Aandele-uitgifte | | **3,1** | 1,2 | 16,1 |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **110,0** | 92,0 | 106,9 |
| Aandelegebaseerde betalingsreserwe | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **664,3** | 649,9 | 649,9 |
| Aandelegebaseerde betalingsuitgawe | | **6,9** | 6,2 | 14,4 |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **671,2** | 656,1 | 664,3 |
| Billikewaarde-aanpassingsreserwe* | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **621,1** | — | — |
| Voortspruitend uit billike waardasie van finansiële instrumente | 7 | **—** | 591,7 | 660,3 |
| Uitgestelde belasting op billikewaarde-wins | | **—** | (39,3) | (39,2) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **621,1** | 552,4 | 621,1 |
| Ekwiteitstransaksie met SEB-vennoot | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **(35,3)** | — | — |
| Aankoop van 'n gedeelte van SEB-vennoot se belang in 'n filiaal wat nie voorheen as 'n minderheid erken is nie | 9 | **—** | — | (35,3) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **(35,3)** | — | (35,3) |
| Tesourieaandele | | **(276,1)** | (276,1) | (276,1) |
| Nie-verdeelbare reserwes | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **4,1** | 7,3 | 7,3 |
| Omrekeningsreserwe | | **1,3** | (1,3) | 0,7 |
| Reunert se aandeel van voorheen ekwiteitsverantwoorde geassosieerde se aktuarieel gewaardeerde surplus van mediesehulp-voorsiening** | | **—** | (3,9) | (3,9) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **5,4** | 2,1 | 4,1 |
| Behoue verdienste | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **2 590,4** | 1 997,1 | 1 997,1 |
| Wins vir die tydperk | | **416,6** | 526,3 | 1 156,6 |
| Reunert se aandeel van voorheen ekwiteitsverantwoorde geassosieerde se aktuarieel gewaardeerde surplus van mediesehulp-voorsiening vanaf nie-verdeelbare reserwes oorgedra** | | **—** | 3,9 | 3,9 |
| Kontantdividende verklaar en betaal | | **(430,2)** | (428,1) | (567,2) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **2 576,8** | 2 099,2 | 2 590,4 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | | **3 673,1** | 3 125,7 | 3 675,4 |
| Minderheidsbelang | | | | |
| Saldo aan die begin van die tydperk | | **20,7** | 14,4 | 14,4 |
| Wins vir die tydperk | | **2,8** | 2,7 | 7,1 |
| Dividende verklaar en betaal | | **(4,0)** | (1,8) | (1,8) |
| Minderheidsbelang ingebring | | **—** | 1,0 | 1,0 |
| Saldo aan die einde van die tydperk | | **19,5** | 16,3 | 20,7 |
| Totale ekwiteit aan die einde van die tydperk | | **3 692,6** | 3 142,0 | 3 696,1 |

*Hierdie reserwe het betrekking op billikewaarde-aanpassings op finansiële bates wat aangewys is as finansiële bates "vir verkoop beskikbaar" ingevolge IRS 39.

**Aangesien Reunert se belegging in NSN nie meer ekwiteitsverantwoord word nie, is hierdie reserwe na behoue verdienste oorgedra.

## VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

Vir die ses maande geëindig 31 Maart

| | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| VVRBDA | **577,6** | 768,9 | 1 659,2 |
| Afname/(toename) in netto bedryfskapitaal | **480,6** | (292,4) | (327,7) |
| Afname/(toename) in netto bedryfskapitaal (uitgesluit RCCF)* | **394,2** | (292,4) | (295,2) |
| Afname/(toename) in RCCF-rekeninge ontvangbaar terwyl 'n gekonsolideerde filiaal | **86,4** | — | (32,5) |
| Kontant uit bedrywighede voortgebring | **1 058,2** | 476,5 | 1 331,5 |
| Netto rente- en dividendinkomste (insluitende geassosieerde) | **51,6** | 30,6 | 147,2 |
| Belasting betaal | **(316,6)** | (231,3) | (410,8) |
| Dividende betaal (insluitende aan minderhede) | **(434,2)** | (429,9) | (569,0) |
| Ander (netto) | **8,4** | 6,1 | 19,4 |
| Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **367,4** | (148,0) | 518,3 |
| Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite* | **(35,4)** | (129,1) | (921,3) |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite* | **(5,0)** | 88,4 | (380,3) |
| **Toename/(afname) in netto kontantbronne** | **327,0** | (188,7) | (783,3) |
| **Netto (lenings)/kontantbronne aan die begin van die tydperk** | **(300,5)** | 482,8 | 482,8 |
| **Netto kontant/(lenings)bronne aan die einde van die tydperk** | **26,5** | 294,1 | (300,5) |
| Kontant en kontantekwivalente | **961,6** | 294,1 | 794,6 |
| Bankoortrekkings | **—** | — | (12,7) |
| **Netto kontantbronne, uitgesluit RCCF** | **961,6** | 294,1 | 781,9 |
| | **(935,1)** | — | (1 082,4) |
| RCCF-banksaldo's en -kontant | **99,6** | — | 82,0 |
| RCCF-korttermynlenings | **(1 034,7)** | — | (1 164,4) |
| Netto kontant/(lenings)bronne insluitende RCCF netto lenings aan die einde van die tydperk | **26,5** | 294,1 | (300,5) |

*Ten einde openbaarmaking te verbeter, is die volgende bedrae met betrekking tot debiteure wat met RCCF terwyl hy 'n ekwiteitsverantwoorde geassosieerde was deur filiale gediskonteer is, wat nie 'n kwitansie of betaling van kontant en kontantekwivalente behels het nie, ingesluit.

| | 2009 | 2008 | 30 Sept 2008 |
|---|---|---|---|
| (Toename)/afname ten opsigte van korttermyngedeelte van rekeninge ontvangbaar (ingesluit in bedryfskapitaalveranderinge (uitgesonderd RCCF)) | **—** | (20,3) | 145,3 |
| (Toename)/afname ten opsigte van langtermyngedeelte van rekeninge ontvangbaar (ingesluit in kontantvloeie uit beleggingsaktiwiteite) | **—** | (59,1) | 235,5 |
| Toename/(afname) ten opsigte van die lenings (ingesluit in finansieringsaktiwiteite) | **—** | 79,4 | (380,8) |
| | **—** | — | — |

## AANTEKENINGE BY DIE INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT

| | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 1** | | | |
| **Ander inkomste en VVRBDA** | | | |
| VVRBDA word getoon na: | | | |
| – Koste van verkope | **3 712,3** | 3 670,5 | 7 915,4 |
| – Ander uitgawes uitgesluit depresiasie en amortisasie | **871,8** | 793,4 | 1 561,3 |
| – Ander inkomste | **9,0** | 89,8 | 172,0 |
| Kommissie-inkomste* | **—** | 86,1 | 139,0 |
| Ander | **9,0** | 3,7 | 33,0 |
| – Gerealiseerde wins op buitelandse valuta en afgeleide finansiële instrumente | **8,3** | 28,0 | 20,6 |
| – Ongerealiseerde wins op buitelandse valuta en afgeleide finansiële instrumente | **25,5** | 30,2 | 22,2 |

*Ingevolge die ooreenkoms wat die kommissie-inkomste reël (die ooreenkoms) kan die Nokia Siemens Networks Group (NSN-groep) 'n dividend in plaas van die kommissie aan Reunert betaal. Reunert het 'n dividend van R80 miljoen van NSN-groep in die huidige tydperk ontvang met betrekking tot verkoopsinkomste wat in die vorige finansiële jaar ontstaan het, verkoopsinkomste in die ses maande tot 31 Maart 2009 en toekomstige inkomste. Met ingang van 1 Oktober 2008 word alle inkomste wat ingevolge die ooreenkoms verdien word in inkomste ingesluit. In die huidige tydperk bedra die bruto inkomste R64,6 miljoen.

| | 2009 | 2008 | 30 Sept 2008 |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 2** | | | |
| **Netto rente- en dividendinkomste** | | | |
| Rente ontvang | **72,5** | 48,6 | 99,3 |
| – Van RC&C Finance Company (Edms) Bpk (RCCF) terwyl 'n gekonsolideerde filiaal | **39,0** | — | 20,7 |
| – Ekstern | **33,5** | 48,6 | 78,6 |
| Rente betaal | **(21,1)** | (21,6) | (43,2) |
| Dividendinkomste | **0,2** | 3,6 | 4,2 |
| Totaal | **51,6** | 30,6 | 60,3 |
| **Aantekening 3** | | | |
| **Abnormale items** | | | |
| Netto surplus met verwatering in en verkoop van besigheid (voor en na belasting) | **—** | 1,5 | 1,5 |
| **Aantekening 4** | | | |
| **Getal aandele gebruik om verdienste per aandeel te bereken** | | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele gebruik om basiese verdienste, wesensverdienste en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | **178,5** | 177,7 | 177,9 |
| Aangepas met die verwaterende uitwerking van onuitgeoefende aandele-opsies toegestaan (miljoene aandele) | **0,4** | 1,3 | 0,9 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele gebruik om verwaterde basiese, verwaterde wesens- en verwaterde genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoen aandele) | **178,9** | 179,0 | 178,8 |
| **Aantekening 5** | | | |
| **5.1 Wesensverdienste** | | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert (IRS 33 basiese verdienste) | **416,6** | 526,3 | 1 156,6 |
| Wesensverdienste word bepaal deur die uitwerking van die volgende items uit toeskryfbare verdienste uit te skakel: | | | |
| Netto surplus met verwatering in en verkoop van besigheid | **—** | (1,5) | (1,5) |
| Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | **1,7** | 0,9 | 5,2 |
| Ander wesensverdienste-aanpassings | **(1,3)** | — | — |
| Belastinguitwerking van aanpassings | **(0,3)** | 0,5 | (0,5) |
| Wesensverdienste | **416,7** | 526,2 | 1 159,8 |
| **5.2 Genormaliseerde wesensverdienste** | | | |
| Wesensverdienste (verwys na aantekening 5.1) | **416,7** | 526,2 | 1 159,8 |
| Genormaliseerde wesensverdienste word bepaal deur die uitwerking van die volgende item uit toeskryfbare wesensverdienste uit te skakel: | | | |
| SEB-aandele-aanpassings | **0,1** | — | (0,4) |
| | **416,8** | 526,2 | 1 159,4 |
| Netto ekonomiese belang in wins wat aan SEB-vennote toeskryfbaar is (verwys na aantekening 9) | **(2,4)** | (33,0) | (38,5) |
| Genormaliseerde wesensverdienste | **414,4** | 493,2 | 1 120,9 |
| **Aantekening 6** | | | |
| **Klandisiewaarde** | | | |
| Drawaarde aan die begin van die tydperk | **415,3** | 372,8 | 372,8 |
| Verkrygings van besighede en minderheidsbelange | **0,2** | 13,7 | 137,1 |
| Ongeamortiseerde klandisiewaarde wat in 'n vorige tydperk ontstaan het op 'n verdere verkryging van NSN, nou oorgedra na belegging in NSN (verwys na aantekening 7) | **—** | (94,6) | (94,6) |
| Drawaarde aan die einde van die tydperk | **415,5** | 291,9 | 415,3 |

## AANTEKENINGE BY DIE INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAAT (VERVOLG)

| | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 7** | | | |
| **Beleggings en lenings** | | | |
| Ongenoteerde geassosieerde maatskappye – teen kosprys plus ekwiteitsverantwoorde verdienste, uitgesluit klandisiewaarde | **—** | 297,7 | — |
| Ander ongenoteerde beleggings – teen kosprys | **8,3** | 7,0 | 7,0 |
| Lenings – teen kosprys | **52,3** | 52,4 | 52,3 |
| Langtermynrekeninge ontvangbaar | **—** | 319,4 | — |
| Finansiële instrumente – Belegging in NSN – teen billike waarde*, bestaande uit die volgende: | **806,0** | 806,0 | 806,0 |
| Drawaarde van NSN op 1 Oktober 2007, voorheen 'n ongenoteerde maatskappy, nou 'n finansiële instrument | **119,7** | 119,7 | 119,7 |
| Ongeamortiseerde klandisiewaarde voortspruitend uit 'n verdere verkryging tydens 'n vorige tydperk (verwys na aantekening 6) | **94,6** | 94,6 | 94,6 |
| Voorverkrygingsdividend ontvang van NSN | **(68,6)** | — | (68,6) |
| Billikewaarde-aanpassing | **660,3** | 591,7 | 660,3 |
| Totale drawaarde | **866,6** | 1 482,5 | 865,3 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | | | |
| – Ongenoteerde geassosieerde maatskappye (2008: Quince Capital Holdings (Edms) Bpk (Quince))** | **—** | 404,0 | — |
| – Ander ongenoteerde beleggings (sluit NSN teen R806,0 miljoen in) | **814,3** | 813,0 | 813,0 |

*Die billike waarde van die belegging is die gediskonteerde kontantvloei van die minimum bedrag gespesifiseer in die aandeelhouersooreenkoms met NSN-groep, in geval van 'n verkoop aan NSN-groep, tesame met 'n raming van toekomstige kommissie. Die eerste keer dat 'n verkoop ingevolge die ooreenkoms mag plaasvind, is 31 Desember 2010.

**Met ingang van 1 Junie 2008 het Reunert Beperk die oorblywende 53% van Quince se aandelekapitaal wat hy nie reeds besit het nie, gekoop.

| | 2009 | 2008 | 30 Sept 2008 |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 8** | | | |
| **RCCF en ander langtermynlenings** | | | |
| Totale langtermynlenings (insluitende finansiële bruikhure) | **704,3** | 475,4 | 713,6 |
| Min: Korttermyngedeelte (insluitende finansiële bruikhure) | **(0,5)** | (164,1) | (0,9) |
| | **703,8** | 311,3 | 712,7 |
| Lening terugbetaal deur SEB-vennoot | **—** | 22,3 | — |
| | **703,8** | 333,6 | 712,7 |
| Bestaande uit: | | | |
| Nie-RCCF-langtermynlenings | **3,9** | 333,6 | 12,8 |
| RCCF-langtermynlenings | **699,9** | — | 699,9 |
| | **703,8** | 333,6 | 712,7 |

**Aantekening 9**

**SEB-transaksies**

Die groep het 'n ooreenkoms met Powerhouse Utilities (Edms) Bpk (Powerhouse) aangegaan ingevolge waarvan 25,1% van die A-aandele van ATC (Edms) Bpk (ATC) teen 'n koste van R130 miljoen op 1 Desember 2004 aan Powerhouse verkoop is. IFVS vereis dat hierdie transaksie nie as 'n verkoop verantwoord word nie omdat die lening nie ten volle deur Powerhouse betaal is nie en daar voorwaardes aan die onbetaalde gedeelte verbonde is, nieteenstaande die feit dat die ekonomiese werklikheid van hierdie transaksie wel 'n verkoop is.

Met ingang van 1 April 2008 het Reunert 15,0% van ATC se A-aandele vir R117 miljoen van Powerhouse teruggekoop, wat Powerhouse met 'n 10,1%-aandeelhouding laat.

Die uitwerking hiervan is dat die volgende nie erken is nie:

| | 2009 | 2008 | 30 Sept 2008 |
|---|---|---|---|
| – Netto ekonomiese belang in huidige jaar se wins wat aan SEB-vennote toeskryfbaar is | **2,4** | 33,0 | 38,5 |
| – Balansstaatbelang wat ekonomies aan SEB-vennote toeskryfbaar is | **102,9** | 194,8 | 95,3 |

**Aantekening 10**

**Voorbereidingsgrondslag**

Hierdie verkorte tussentydse groep finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening opgestel en voldoen aan die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet 61 van 1973, soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk.

Die groep se rekeningkundige beleid, soos uiteengesit in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 September 2008 en wat aan Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde voldoen, is konsekwent toegepas, behalwe soos in aantekening 1 ten opsigte van inkomste uit die NSN-groep geopenbaar.

**Aantekening 11**

**Nie-gekonsolideerde filiaal**

Die finansiële resultate van Cafca Bpk, 'n filiaal wat in Zimbabwe geïnkorporeer is, is nie in die groepresultate ingesluit nie, omdat die direkteure meen daar bestaan 'n gebrek aan beheer, soos in IRS 27 – Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State gedefinieer, en dat die betrokke bedrae nie wesenlik vir die groep se resultate is nie.

**Aantekening 12**

**Groot korporatiewe aktiwiteit**

**Verkryging van Blue Lake Investments (Edms) Bpk**

Nashua Mobile het 75% van die besigheid van Blue Lake Investments (Edms) Bpk, wat by laagstekoste-roetering betrokke is, met ingang van 1 Oktober 2008 verkry. Die maatskappy was gewaardeer teen R28 miljoen. Reunert se 75% het R21 miljoen gekos en 25% is deur 'n nie-beherende aandeelhouer vir R7 miljoen verkry.

| | R miljoen |
|---|---|
| **Netto bates verkry:** | |
| Ontasbare bate | **28,0** |
| Aanspreeklikheid teenoor verkoper | **(7,0)** |
| Koste van belegging (75%) | **21,0** |
| Bedryfswins sedert verkryging | **3,8** |
| Inkomste sedert verkryging | **12,6** |

**Aantekening 13**

**Verwante party transaksies**

Die groep het verskillende transaksies met verwante partye aangegaan ooreenkomstig bepalings wat nie meer gunstig was as dié wat met onafhanklike derde partye aangegaan word nie.

## AANVULLENDE INLIGTING

Vir die ses maande geëindig 31 Maart

| R miljoen (tensy die teendeel aangedui word) | 2009 (Ongeouditeer) | 2008 (Ongeouditeer) | Jaar geëindig 30 Sept 2008 (Geouditeer) |
|---|---|---|---|
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **2 058** | 1 758 | 2 060 |
| Bedryfsverhouding (insluitende RCCF) (:1) | **1,5** | — | 1,5 |
| Bedryfsverhouding (uitgesluit RCCF) (:1) | **2,1** | 1,6 | 2,0 |
| Netto getal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | **178,5** | 177,8 | 178,4 |
| Getal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | **197,0** | 196,3 | 196,9 |
| Min: Deur Bargenel Investments Limited gehou (miljoen) | **(18,5)** | (18,5) | (18,5) |
| Kapitaalbesteding | **37,6** | 66,2 | 117,1 |
| – uitbreiding | **17,8** | 36,0 | 72,8 |
| – vervanging | **19,8** | 30,2 | 44,3 |
| Kapitaalverpligtinge ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting | **38,0** | 33,1 | 74,2 |
| – gekontrakteer | **17,6** | 13,6 | 9,0 |
| – gemagtig nog nie gekontrakteer nie | **20,4** | 19,5 | 65,2 |
| Bedryfshuurverpligtinge | **101,4** | 91,7 | 90,9 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede | | | |
| – waarborge ten opsigte van Quince | **—** | 700,0 | — |

## VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING

Vir die ses maande geëindig 31 Maart

| | 2009 R miljoen (Ongeouditeer) | % | 2008 R miljoen (Ongeouditeer) | % | % verandering | Jaar geëindig 30 Sept 2008 R miljoen (Geouditeer) | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste*** | | | | | | | |
| CBI-electric | **1 610,5** | 32 | 1 750,3 | 34 | (8) | 3 951,9 | 36 |
| Nashua | **3 167,9** | 62 | 3 125,8 | 61 | 1 | 6 445,2 | 58 |
| NSN** | **59,1** | 1 | — | — | | — | — |
| Reutech | **281,4** | 5 | 281,7 | 5 | (0) | 622,3 | 6 |
| Totale bedrywighede | **5 118,9** | 100 | 5 157,8 | 100 | (1) | 11 019,4 | 100 |
| Min: Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappye se inkomste | **—** | | (73,0) | | | (98,3) | |
| **Inkomste soos gerapporteer** | **5 118,9** | | 5 084,8 | | 1 | 10 921,1 | |

*Tussensegment-inkomste is nie wesenlik nie en is nie openbaar gemaak nie.

**Inkomste in die huidige tydperk sluit dividende ten opsigte van kommissie-inkomste ontvang in wat aan die belegging in NSN toeskryfbaar is (verwys na aantekeninge 1 en 7). In die vergelykende tydperk in 2008 is dit as ander inkomste geopenbaar (sien hieronder).

| | 2009 R miljoen | % | 2008 R miljoen | % | % verandering | 30 Sept 2008 R miljoen | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bedryfswins** | | | | | | | |
| CBI-electric | **179,2** | 34 | 289,3 | 39 | (38) | 675,3 | 42 |
| Nashua | **268,8** | 51 | 310,2 | 41 | (13) | 652,8 | 41 |
| NSN* | **33,4** | 6 | 86,1 | 11 | (61) | 139,0 | 9 |
| Reutech | **49,9** | 9 | 65,0 | 9 | (23) | 136,9 | 8 |
| Totale bedrywighede | **531,3** | 100 | 750,6 | 100 | (29) | 1 604,0 | 100 |
| Min: Reunert se toeskryfbare gedeelte van geassosieerde maatskappye se netto bedryfswins | **—** | | (21,6) | | | (31,4) | |
| **Bedryfswins soos gerapporteer** | **531,3** | | 729,0 | | (27) | 1 572,6 | |

*Bedryfswins van NSN verteenwoordig kommissie-inkomste en dividende ten opsigte van kommissie-inkomste (verwys na aantekeninge 1 en 7). Op 'n vergelykende grondslag bedra die bedryfswins vir 2009 R64,6 miljoen.

www.reunert.com

# KOMMENTAAR

Sedert ons resultate vir 2008 in November verlede jaar aangekondig is, het marktoestande drasties verswak. Gevolglik het inkomste in die tussentydse verslagdoenings tydperk met slegs 1% tot R5,1 miljard toegeneem, vergeleke met 'n jaar gelede. Die skerp afname in volumes, spesifiek in ons elektriese ingenieursbedrywighede, het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 27% tot R531 miljoen afgeneem het.

Die laer aktiwiteitsvlakke en omsigtige kontantbestuur het veroorsaak dat bedryfskapitaal afgeneem het, met 'n ooreenstemmende toename in kontant en kontantekwivalente tot R962 miljoen aan die einde van Maart. Netto rente- en dividendinkomste het met 69% toegeneem en dít, tesame met 'n laer belastingkoers, het die afname in genormaliseerde wesensverdienste per aandeel tot 16% (232 sent per aandeel) beperk.

## DIE CBI-ELECTRIC GROEP

Die elektriese ingenieursgroep, CBI-electric, uitgesluit die telekommunikasiekabel-bedrywigheid, wat direk aan infrastruktuurontwikkelings blootgestel is, het verrassend aansienlike volume-afnames ondervind. Die insinking in die koperprys het ook tot eenmalige kostes van R52 miljoen gelei.

Inkomste het met 8% tot R1,6 miljard gedaal terwyl bedryfswins met 38% gedaal het. Die depresiasie van die rand het gehelp om die afname in volume in 'n mate teen te werk en te voorkom dat inkomste verder daal, en gevolglik is marges en kontantvloeie merkwaardig goed gehandhaaf. Kapitaalbestedingsprogramme gaan steeds voort.

Volume-afnames is toeskryfbaar aan minder goedgekeurde bouplanne, die verlangsaming in mynbou aktiwiteite en voorraadvermindering deur klante. Die vraag na hoëspanningskabels is sterk en 'n tweede produksielyn is in gebruik geneem. Ongelukkig sal dit nie toereikend wees om vir die daling in die algemene vraag na kragkabels te vergoed nie.

Die uitvoer van laespanningsprodukte (stroombaanbrekers vir beveiliging) het sterk gebly ten spyte van die wêreldwye ekonomiese afswaai. Marges het toegeneem as gevolg van die verswakkende rand en het die resultate gesteun.

Die telekommunikasiekabel-bedrywigheid het beter gepresteer as in die vergelykende tydperk. Die vraag na kopertelekommunikasiekabels was gesond terwyl die vraag na optiese veselkabels gedemp bly. Tekens van 'n verhoogde vraag na optiese veselkabels is baie positief, gebaseer op die aangekondigde ontplooiing van optiese veselkabelnetwerke vir MTN, Vodacom en Neotel.

## DIE NASHUA GROEP

Inkomste het met 1% tot R3,1 miljard toegeneem terwyl bedryfswins 13% laer was op R269 miljoen. Verhoogde slegte skulde en die gebrek aan verbruikersfinansiering het 'n negatiewe uitwerking op resultate gehad.

Ons besluit om die verbruiker-elektronikabesigheid te beëindig, was omsigtig en tydig. Die beëindiging van die besigheid het nie sonder koste plaasgevind nie, maar positiewe resultate word in die toekoms verwag. Vanaf 1 April 2009 sal verbruikersprodukte deur Panasonic Japan direk in die Suid-Afrikaanse verbruikersmark versprei word. Ons samewerking met Panasonic sal voortgaan omdat ons die enigste verteenwoordiger vir alle besigheidstelselprodukte sal wees. Dit is 'n prioriteit om hierdie besigheid tot aanvaarbare winsgewendheidsvlakke te ontwikkel.

Ten spyte van 'n toename in slegte skulde het Nashua Mobile winsgewendheid gehandhaaf terwyl inkomste marginaal verhoog is. Daar word ook sorg gedra om slegs kredietwaardige verbruikers te verbind. Dit sal in die toekoms moeilik wees om groei te behaal, met intekenaars wat hul lugtydbesteding besnoei.

Kantoorstelsels het bevredigend gepresteer in 'n omgewing waar klante dit baie moeilik vind om finansiering te bekom. Die relatiewe verandering in die wisselkoers van die rand/jen teenoor die rand/euro sal ons mededingende posisie in hierdie besigheid verbeter. Ons is vol vertroue dat eenheidsverkope in die toekoms sal toeneem.

In ooreenstemming met die moeilikheid om kapitaal te verkry, het die finansieringsmaatskappy kredietkeuringskriteria verstram en marges aangepas om verhoogde risiko te weerspieël. 'n Deurdagte besluit is geneem om die boek op 'n ordelike wyse te verminder. Die voordele van hierdie benadering sal in die toekoms gerealiseer word.

## REUTECH

Die eerste helfte van die jaar was 'n voorbereidingstydperk vir Reutech om bestaande kontrakverpligtinge na te kom. Aflewerings het laat in die tweede kwartaal begin en is nou in volle swang. Gunstige wisselkoerse is vir die res van die finansiële jaar vasgemaak. Daar word verwag dat Reutech aansienlik beter as verlede jaar sal presteer.

## NSN

Kommissie-inkomste, nou as inkomste geopenbaar en nie as ander inkomste nie, het van R86 miljoen tot R65 miljoen op 'n vergelykbare grondslag afgeneem. Daar word verwag dat die mark gedemp sal bly terwyl mededinging besig is om toe te neem. Gevolglik word verwag dat die resultate vir die volle jaar laer sal wees as dié van 'n jaar gelede.

## VOORUITSIGTE

Dit is onwaarskynlik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie op kort termyn positief sal draai. Herstel in Suid-Afrika sal afhang van 'n wêreldwye herstel.

Ons het voorheen aangedui dat ons hoop om 'n resultaat te behaal wat soortgelyk aan die vorige finansiële jaar is. Gegewe die felheid van die afswaai sal dit 'n uitdaging wees.

## KONTANTDIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend op gewone aandele, nommer 166 van 65 sent per aandeel (2008: 78 sent per aandeel), vir die ses maande geëindig 31 Maart 2009 deur die direkteure verklaar is. Ooreenkomstig die vereistes van Strate is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste datum vir verhandeling (met dividend) | Donderdag, 11 Junie 2009 |
| Eerste verhandelingsdatum (sonder dividend) | Vrydag, 12 Junie 2009 |
| Rekorddatum | Vrydag, 19 Junie 2009 |
| Betaaldatum | Maandag, 22 Junie 2009 |

Aandeelhouers mag tussen Vrydag, 12 Junie 2009 en Vrydag, 19 Junie 2009, albei datums ingesluit, nie hulle aandelesertifikate dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

Namens die direksie

| | |
|---|---|
| **Martin Shaw** | **Gerrit Pretorius** |
| Voorsitter | Uitvoerende Hoof |

Sandton, 13 Mei 2009

## REUNERT BEPERK ("REUNERT")


In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Registrasienommer 1913/004355/06)
Aandeelkode: RLO     ISIN: ZAE000057428


**Direkteure:** MJ Shaw (Voorsitter)*, G Pretorius (Uitvoerende Hoof), BP Connellan*, KS Fuller*, BP Gallagher, SD Jagoe*, KJ Makwetla*, TJ Motsohi*, TS Munday*, GJ Oosthuizen, ND Orleyn**, DJ Rawlinson, dr JC van der Horst*

*Onafhanklik nie-uitvoerend     **Nie-uitvoerend


**Geregistreerde kantoor:** Lincoln Wood Kantoorpark
Woodlandsrylaan 6 – 10, Woodmead, Sandton
Posbus 784391, Sandton, 2146
Telefoon +27 11 517 9000

**Oordragsekretarisse:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107


**Borg:** Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

**Sekretarisse se sertifisering**

Ingevolge artikel 268 G(d) van die Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, sertifiseer ek dat die maatskappy na my beste wete en oortuiging al sodanige opgawes wat ooreenkomstig die Maatskappywet van 'n openbare maatskappy vereis word by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.

**JAF Simmonds**
Vir Reunert Bestuursdienste Beperk
Maatskappysekretarisse


**Navrae**
Carina de Klerk +27 11 517 9000 of e-pos invest@reunert.co.za.
Vir meer inligting besoek die Reunert-webwerf by www.reunert.com


REUNERT
REUNERT LIMITED